

27 November 2 Samuel 7:1-17; (Teks: 7:11-13)

Die Messias bring stabiliteit

Die rigtertydperk was 'n tyd van onstabiliteit in die geskiedenis van Israel. Buiten dat elkeen sy eie kop gevolg het, was daar baie verdrukking van buite.

Dawid se koningskap het egter stabiliteit gebring. Onder sy sterk militêre leierskap is al die omliggende vyande van die volk onderwerp; is die landsgrense uitgebrei sodat die volk vir die eerste keer die volle grondgebied soos aan hulle beloof is, in besit geneem het. Die belofte aan Dawid van 'n ewige dinastie was dan ook vir die volk 'n belofte van die voortsetting van die stabiliteit wat hulle onder Dawid beleef het.

In die tyd van die ballingskap en daarna het die volk weer opnuut vasgegryp aan die beloftes van 2 Samuel 7 in hulle verlange na rus en stabiliteit. Die verwagting dat 'n seun van Dawid, die Messias, sou kom en met krag sou regeer en al die vyande onderwerp en stabiliteit vir sy volk bring, het met die tyd sterker geword.

En Hy het gekom! Die Messias het vyande onderwerp wat groter is as enige menslike vyand. Hy het naamlik die duiwel en sy magte, die sonde en die dood oorwin. Hy het God se volle koninkryk herwin. Hy het 'n tempel vir God opgerig wat nie uit dooie klippe bestaan nie, maar uit lewende mense, die kerk. Hy sal ewig op die troon sit en sy koningskap sal geen einde hê nie. God se beloftes is tot die laaste letter vervul.

Sing: Psalm 89:2,11

Ds. H.B. Hattingh (Amanzimtoti)